education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

REKENINGKUNDE

ADDISIONELE MODEL 2008

PUNTE: 300

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye.

Kopiereg voorbehou

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies noukeurig deur.

1. Hierdie vraestel bestaan uit SES verpligte vrae. Beantwoord AL die vrae.

2. Gebruik die formate wat in die ANTWOORDEBOEK voorsien word om die vrae te beantwoord.

3. Waar van toepassing moet bewerkings getoon word om deelpunte te verdien.

4. Jy moet poog om by die voorgestelde tye te hou.

5. Nieprogrammeerbare sakrekenaars mag gebruik word.

6. Jy mag 'n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.

Kopiereg voorbehou

PUNTE: 300 **MINUTE: 180**

VRAAG 1: 50 punte; 25 minute	
Die onderwerp van die vraag is:	Maatskappye – Grootboekrekeninge
VRAAG 2: 55 punte; 35 minute	
Die onderwerp van die vraag is:	Maatskappye – Balansstaat, Ouditering en Voorraad
VRAAG 3: 75 punte; 50 minute	
Die onderwerp van die vraag is:	Maatskappye – Kontantvloei en Verhoudings
VRAAG 4: 65 punte; 30 minute	
Die onderwerp van die vraag is:	Vervaardiging en kostebegrippe
VRAAG 5: 30 punte; 25 minute	
Die onderwerp van die vraag is:	Voorraad
VRAAG 6: 25 punte; 15 minute	
Die onderwerp van die vraag is:	BTW en etiek

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

MAATSKAPPYE – GROOTBOEKREKENINGE (50 punte; 25 minute)

Jy word voorsien van inligting van Parboo Bpk. vir die jaar geëindig op 29 Februarie 2008. Die maatskappy het 'n gemagtigde aandelekapitaal van 1 000 000 gewone aandele teen R4,00 pariwaarde elk. Die Hoof Uitvoerende Beampte (HUB) is Ben Bhengu.

GEVRA:

1.1 Verduidelik kortliks wat die volgende beteken:

- Aandelekapitaal (2)
- Aandelepremie (2)
- Behoue inkomste (2)

1.2 Verwys na punt 6 in die inligting. Bereken die korrekte netto wins voor belasting vir die jaar. (6)

1.3 Berei die volgende rekeninge in die Grootboek voor (die rekeninge moet behoorlik afgesluit of gesaldeer word).

- SAID (Inkomstebelasting) (11)
- Verdelingsrekening (15)

1.4 Bestudeer punt 4 in die inligting wat handel oor die toestemming wat aan die direkteure verleen is om aandele uit te reik. Jy is 'n aandeelhouer, maar nie 'n direkteur nie. Gee EEN punt ten gunste van die besluit om toestemming aan die direkteure te verleen en EEN punt daarteen. (4)

1.5 Verwys na die uittreksel uit die koerantartikel wat op die volgende bladsy voorsien is.

- Bestudeer die klag deur Mary Moosa oor Bhengu se direkteursfooi. Stem jy met haar saam? Verduidelik. (4)
- Bestudeer die klag deur Ken Kelly. Is Bhengu se reaksie aanvaarbaar? Wat anders kon hy gesê het? (4)

INLIGTING:

1. Die volgende saldo's het in die Grootboek aan die begin en einde van die finansiële jaar verskyn:

	BEGIN 1 MRT. 2007	**EINDE 29 FEBR. 2008**
Gewone aandelekapitaal (pariwaarde van R4 elk)	R2 400 000	R?
Aandelepremie	R330 000	R505 000
Behoue inkomste	R454 000	R?
SAID (Inkomstebelasting)	R38 600 (Krediet)	R11 500 (Debiet)
Aandeelhouers vir dividende	R270 000	R

2. Bedrae verskuldig aan SAID en die aandeelhouers (vir dividende) met betrekking tot die vorige finansiële jaar, is op 10 Junie 2007 betaal.

3. Bedrae betaal op 31 Augustus 2007:

   - Die eerste voorlopige belastingbetaling van R187 500 vir die 2008 finansiële jaar.
   - Tussentydse dividende van 84 sent per aandeel (Die nuwe aandele wat op 1 September 2007 uitgereik is, kwalifiseer nie vir hierdie tussentydse dividende nie, maar sal finale dividende ontvang. Verwys na punt 4 in die inligting hieronder.)

4. Die aandeelhouers het aan die direkteure toestemming verleen om nuwe aandele uit te reik as en wanneer dit nodig blyk te wees.

   Die direkteure het besluit om nuwe aandele teen 'n premie van 125 sent gedurende die jaar uit te reik. Die transaksies is deur New Bank hanteer en die toepaslike bedrag is van Star Bank op 1 September 2007 ontvang.

5. Die tweede voorlopige belastingbetaling van R220 000 is op 29 Februarie 2008 gemaak.

6. Die boekhouer het aan die einde van die jaar die netto wins voor belasting as R1 475 000 bereken, maar daarna kom hy agter dat die volgende nog nie in berekening gebring is nie:

   - 'n Donasie van voorraad aan die Chatsworth Jeugontwikkelingsprogram, R70 000.
   - Volgens sy kontrak is Ben Bhengu se direkteursfooi R110 000 per maand. Sy fooi vir Februarie is nog nie betaal nie.
   - Alhoewel die huur betaal van R175 000 korrek geboekstaaf is, is gevind dat hierdie betalings die huur vir Maart en April 2008 insluit.

7. Aan die einde van die jaar, 29 Februarie 2008, het die direkteure 'n finale dividend van 110 sent per aandeel aanbeveel. 'n Inskrywing van inkomstebelasting vir die jaar moet ook gemaak word.

8. Die artikel hieronder het na die AJV in die koerant verskyn.

PARBOO BPK. AANDEELHOUERS KRY HUB VOOR STOK

Deur Harry Digger, 10 Junie 2008

Daar was definitief heelwat meningsverskille tydens die AJV van Parboo Bpk. verlede week. Die maatskappy versprei sporttoerusting en het die laaste paar jaar 'n goeie reputasie opgebou. Die afgelope vyf jaar het hulle indrukwekkende opbrengste vir hul aandeelhouers gelewer. Dit het egter gisteraand nie punte getel nie, want HUB, **Ben Bhengu**, moes 'n paar baie direkte vrae beantwoord.

Een van die minderheidsaandeelhouers, **Mary Moosa**, het Bhengu se buitensporige direkteursfooi bevraagteken deur aan te voer dat dit nie geregverdig kan word nie. Bhengu het hierop gereageer deur te sê dat dit deur die vergoedingskomitee goedgekeur is en dat dit op die vorige en huidige prestasies van die maatskappy gebaseer is.

'n Ander aandeelhouer, **Ken Kelly**, het ook die 'onnodige vermorsing van fondse' wat aan die Chatsworth Jeugontwikkelingsprogram geskenk is, bevraagteken. Hy het gevoel dat hierdie fondse gebruik kon word om andeelhouers se dividende te versterk. Bhengu se reaksie was dat sulke uitgawes in ooreenstemming met die maatskappy se sosialeverantwoordelikheidsdoelwit was wat eenparig deur die hele raad van direkteure goedgekeur is.
Die aandeleprys het gister 15% op die JEB geval.

Kopiereg voorbehou Blaai om asseblief

VRAAG 2

MAATSKAPPYE – BALANSSTAAT, OUDITERING EN VOORRAAD
(55 punte; 35 minute)

Jy word voorsien van die inligting van toepassing op Topical Bpk. vir die jaar geëindig 30 Junie 2008.

GEVRA:

2.1 Gebruik die inligting voorsien om die Balansstaat van Topical Bpk. op 30 Junie 2008 op te stel. Toon berekeninge tussen hakies om deelpunte te verdien. (43)

2.2 Ouditering:

2.2.1 Verduidelik kortliks die verskil tussen die werk wat deur 'n interne ouditeur gedoen word en dié van 'n onafhanklike (eksterne) ouditeur. (3)

2.2.2 Verduidelik kortliks hoe die ouditeur die syfers wat in die finansiële state vir toerusting en voorraad verskyn, moet kontroleer om vas te stel of dit redelik is. (3)

2.2.3 Wat staan die onafhanklike ouditeur te doen indien hy voel dat die waarde van die voorraad nie redelik weergegee word nie? (3)

2.2.4 Die onafhanklike ouditeur is bewus van 'n nuwe televisiemodel wat nou in die handel beskikbaar is. Hy weet dat die TV's tans in Topical Bpk. se voorraad nie teen die normale prys verkoop kan word nie en dat dit waarskynlik nie eens teen kosprys verkoop sal word nie. Watter raad kan jy aan die besigheid gee? Verduidelik. (3)

INLIGTING:

1. Die volgende inligting ten opsigte van vaste/tasbare bates het op 30 Junie 2008 in die boeke verskyn:

• Grond en geboue (kosprys)	R198 000
• Voertuie (kosprys)	234 000
• Toerusting (boek/drawaarde)	269 801
• Opgehoopte waardevermindering op voertuie	233 999

2. Die belegging bestaan uit 'n vaste deposito by Pretoria Bank, R347 548.

3. Voorrade bestaan slegs uit handelsvoorraad. Daar is geen verbruiksvoorraad voorhande nie. Die onderneming verkoop slegs een tipe TV-stel. Gedurende die jaar het hulle 258 TV-stelle teen 'n winsopslag van 60% verkoop. Die onderneming gebruik die geweegdegemiddelde-metode om voorraad te waardeer (rond af tot die naaste rand). Aankope vanaf die vervaardigers word in massa soos volg gedoen:

DATUM	EENHEIDSKOSTE	HOEVEEL-HEID	TOTALE AANKOPE
1 Julie 2007	R4 000	120	R480 000
24 November 2008	R4 800	160	R768 000
18 April 2008	R5 300	50	R265 000

4. Die gemagtigde aandelekapitaal bestaan uit 400 000 gewone aandele met 'n pari-waarde van R2 elk. Daar is tot op datum 300 000 van hierdie gewone aandele uitgereik. Die helfte van die uitgereikte aandele is teen 'n premie van 60 sent per aandeel uitgereik.

5. Die volgende bedrae is uit die Behoue Inkomste-nota in die finansiële state verkry:

Behoue inkomste aan die begin van die jaar	R114 000
Netto inkomste na belasting	R262 000
Tussentydse dividende betaal	R51 000
Finale dividende verklaar	22 sent per aandeel

6. Die leningstaat van Sabie Bank toon die volgende:

Saldo aan die begin van die finansiële jaar	R275 000
Terugbetaling van lening: 12 maandelikse paaiemente teen R6 100 elk	R73 200
Rente gekapitaliseer	R32 500

Die kapitale waarde van die lening sal oor die volgende finansiële jaar met R45 600 verminder.

7. Die voorsiening vir oninbare skulde is 5% van die boekskulde. Die volgende saldo's het op 30 Junie 2008 in die Algemene Grootboek verskyn:

Debiteurekontrole	R185 000
Krediteurekontrole	R108 000
Inkomste ontvangbaar (agterstallig)	R3 800
Uitgestelde inkomste (vooruit ontvang)	R6 400
Uitgawes betaalbaar (agterstallig)	R7 300

8. Geen geld is aan die SAID aan die einde van die jaar vir inkomstebelasting verskuldig nie.

9. Die ontbrekende syfer verteenwoordig kontant en kontantekwivalente.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

MAATSKAPPYE – KONTANTVLOEI EN VERHOUDINGS (75 punte; 50 minute)

Mackie Bpk. het 'n gemagtigde aandelekapitaal van 900 000 gewone aandele met 'n pariwaarde van R3 per aandeel.

Soos op 28 Februarie 2007, die einde van die **vorige finansiële jaar**, het hulle 500 000 gewone aandele uitgereik.

GEVRA:

3.1 Voltooi die nota vir vaste/tasbare bates in die Balansstaat van Mackie Bpk. sowel as die Bateverkoperekening, deur al die ontbrekende syfers in die ANTWOORDEBOEK in te vul.

Let op dat 'n nuwe voertuig gedurende die jaar op 31 Mei 2007 aangekoop is en dat ou toerusting teen boekwaarde op krediet verkoop is. (20)

3.2 Voltooi die volgende afdelings van die Kontantvloeistaat vir die jaar geëindig 29 Februarie 2008:

- Nota om die versoening van wins voor belasting en kontant uit bedrywighede gegenereer, te toon (15)
- Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite (10)
- Bedrag kontant aan die SAID betaal (4)

3.3 Bereken die prys waarteen die nuwe aandele op 1 Maart 2007 uitgereik is. (4)

3.4 Bereken die volgende op 29 Februarie 2008 tot EEN desimale punt:

- Netto batewaarde per aandeel (4)
- Opbrengs op gemiddelde gewone aandeelhouersekwiteit (4)
- Opbrengs op gemiddelde totale kapitaal aangewend (4)

3.5 Sommige van die aandeelhouers het 'n mosie van wantroue in die direkteure oor die prestasie en finansiële besluite oor die afgelope jaar ingestel. Dink jy dat hierdie besluit geregverdig is? Haal ten minste DRIE syfers/finansiële aanwysers aan om jou antwoord te staaf. (10)

INLIGTING:

1. Waardevermindering op die bates is soos volg:

   - Voertuig teen 15% p.j. op verminderdesaldometode
   - Toerusting R36 375 vir die jaar geëindig 29 Februarie 2008

2. Die volgende syfers is uit die Inkomstestaat geneem:

   Rente op lening van direkteur (rente gekapitaliseer), R12 000
   Inkomstebelasting, R54 000
   Netto wins na belasting, R126 000

3. Die nuwe aandele is op 1 Maart 2007 uitgereik.

4. Op 28 Februarie 2007 het Mackie Bpk. 'n lening van 'n direkteur van R75 000 teen 'n rentekoers van 14% p.j. gehad. Die saldo van hierdie lening op 29 Februarie 2008 is R132 000. Die leningsooreenkoms stipuleer dat rente gekapitaliseer moet word en dat terugbetalings van R1 200 per maand aan die direkteur gemaak moet word. Gedurende die jaar is die lening ook verhoog.

5. Finansiële aanwysers vir die jaar geëindig 28 Februarie 2007:

   - Netto batewaarde, R2,64
   - Opbrengs op gewone aandeelhouersekwiteit, 9%
   - Opbrengs op totale kapitaal aangewend, 12%

6. Huidige markprys van die aandeel op die JEB op 29 Februarie 2008 is R3,20

7. Syfers uit die Balansstaat van Mackie Bpk. soos aan die einde van Februarie:

	2008	**2007**
Gewone aandelekapitaal	R1 800 000	R1 500 000
Gewone aandelepremie	R97 500	R30 000
Behoue inkomste	R39 600	R52 200
Lening van direkteur	R132 000	R75 000
Krediteurekontrole	R35 000	R28 000
SAID (Inkomstebelasting)	R5 250 (dt)	R4 000 (kt)
Aandeelhouers vir dividende	R88 200	R40 000
Debiteurekontrole	R63 000	R66 000
Voorrade	R116 150	R86 200

75

VRAAG 4

VERVAARDIGING EN KOSTEBEGRIPPE (65 punte; 30 minute)

Jy word voorsien van inligting rakende TASTY DOG TREATS (Edms.) Bpk. vir Julie 2008. Die onderneming maak smaaklike hondekorrels vir troeteldiere. Die onderneming word persoonlik besit en bestuur deur Peter Hound.

GEVRA:

4.1 Stel die Produksiekostestaat vir Julie 2008, op.
Toon berekeninge tussen hakies op die Produksiekostestaat. (30)

4.2 Stel die Inkomstestaat vir Julie 2008 op. Toon berekeninge tussen hakies. (23)

4.3 Ten einde die logo 'Trots Suid-Afrikaans' op die verpakking van sy produk te laat druk, moet Peter die kartondose by 'n plaaslike verskaffer aankoop in plaas daarvan om dit vanaf Botswana in te voer.

4.3.1 Gee TWEE redes waarom die eenheidskoste, waarskynlik sal verminder indien 'n plaaslike verskaffer gebruik word. (3)

4.3.2 Bereken die koste per eenheid vir die vervaardiging van 'n klaar pak smaaklike hondekorrels vir Julie 2008. (Om punte te verdien, moet berekeninge getoon word.) (2)

4.3.3 Indien die produksie tot 60 000 eenhede gedurende Augustus 2008 verdubbel word, sal die wins gemaak meer as verdubbel. Verduidelik kortliks hoekom dit die geval is. (2)

4.4 Ten einde die prestasie van die onderneming te ontleed, weet die rekenmeester dat dit noodsaaklik is om die gelykbreekpunt van produksie te bereken. Hy is egter nie seker hoe om die nodige berekening te doen nie.

4.4.1 Verduidelik aan die Rekenmeester hoe die gelykbreekpunt bereken moet word. (Dit is nie nodig om die berekening te doen nie, verduidelik slegs die metode/formule.) (3)

4.4.2 Nadat die nodige berekening gedoen is, is vasgestel dat die gelykbreekpunt vir die onderneming 17 361 eenhede is. Moet die rekenmeester tevrede wees met die onderneming se huidige produksievlak? Hoekom? (2)

INLIGTING:

1.

PRODUKSIE- EN VERKOOPSINLIGTING VAN SMAAKLIKE HONDEKORRELS	**JULIE 2008**
Aantal klaar pakke hondekorrels geproduseer	30 000
Aantal eenhede verkoop	30 000
Winsopslag op koste van produksie	40%
Verkoopprys per eenheid	?

2.

VOORRAAD VOORHANDE AAN DIE BEGIN EN EINDE VAN DIE MAAND	1 JULIE 2008	31 JULIE 2008
Grondstofvoorraad:		
• Voorraad van bestanddele om hondekorrels te maak	R70 000	R85 000
• Voorraad kartondose	Nul	R14 400
Goedere-in-bewerkingvoorraad	Nul	Nul
Klaarproduktevoorraad	Nul	Nul
Indirektemateriaalvoorraad (skoonmaakmiddels)	Nul	Nul
Voorraad verpakkingsmateriaal vir aflewering	R3 500	R1 300

3. Grondstowwe (by 'n plaaslike verskaffer gekoop) bestaan uit al die bestanddele wat nodig is om die hondekorrels te vervaardig, sowel as die kartondose vir verpakking (ingevoer van 'n verskaffer in Botswana).

- Bestanddele is gedurende die maand op krediet vir R320 000 aangekoop (die aflewering hiervan was gratis).
- Koop 50 000 kartondose in Botswana teen 'n totale koste van 20 000 Botswana pula. (Een Botswana pula is gelykstaande aan R1,30.)
- Invoerbelasting is 10%.
- Vervoerkoste betaal op hierdie kartondose, R7 400.

4. Vergoeding is soos volg:

- Daar word van die 12 direkte arbeiders verwag om 180 uuur per maand te werk, dit is 20 dae teen 9 uur per dag. Hulle normale loon is R28 per uur. Gedurende Julie het daar egter 50 uur verlore gegaan as gevolg van Eskom se kragonderbrekings. Daar is van arbeiders verwag om 50 uur oortyd te werk oor naweke, maar slegs 9 arbeiders was hiervoor beskikbaar (3 het gesê dat hulle siek was). **Die oortydtarief is dubbel die normale tarief.**
- Die fabrieksbestuurder ontvang 'n vaste salaris van R11 000 per maand, ongeag oortyd. Daar is egter 'n bonus van R6 000 aan hom betaal vir werk oor naweke gedoen.
- Die boekhouer ontvang 'n maandelikse salaris van R4 000.
- Die skoonmaker ontvang 'n vaste salaris van R3 200 per maand. Dit word verdeel tussen die fabriek, die kantoor en die verkoopsafdeling in die verhouding 5:1:2.
- 'n Totale kommissie van R41 964 is aan die verkoopspersoneel betaal.

5. Elektrisiteit en water gedurende die maand betaal was R29 000. Dit is soos volg toegedeel:

- Kantoor: R500
- Verkoopsafdeling: R1 000
- Die fabrieksaanleg en masjinerie is vir die res verantwoordelik

6. Skoonmaakmiddels is kontant aangekoop, R12 400. Vraggeld op hierdie middels is uit die kleinkas betaal, R600. Al die skoonmaakmiddels is gebruik. Die fabriek gebruik 80% van hierdie indirekte materiaal, terwyl die res gelykop tussen die Administrasie- en die Verkoops- en Distribusie-afdelings verdeel word.

7. Huur betaal, beloop R15 300. Dit word toegedeel volgens vloerspasie:

   - Fabriek 300 vierkante meter
   - Kantoor 10 vierkante meter
   - Verkoopsafdeling 30 vierkante meter

8. Waardevermindering vir die maand:

   - Waardevermindering op afleweringsvoertuig, R9 400
   - Waardevermindering op fabrieksaanleg, R55 000
   - Waardevermindering op kantoortoerusting, R900

9. Ander transaksies vir Julie:

   - Verpakkingsmateriaal (vir aflewering aan kliënte) aangekoop, R6 500 (R1 300 hiervan was ongebruik)
   - Brandstof aangekoop vir die afleweringsvoertuig en die verkoopsagente se verkoopsvoertuie, R18 000
   - Herstelwerk aan fabrieksmasjinerie, R66 000

65

VRAAG 5

VOORRAAD **(30 punte; 25 minute)**

Jy word voorsien van inligting rakende Dean Sport, 'n klein onderneming wat deur Dean besit word, wat een soort sokkerbal aan toeskouers by sokkerwedstryde verkoop.

Die onderneming gebruik die periodieke voorraadstelsel. Dean verkoop die sokkerballe teen R120 elk, alhoewel die kosprys oor die verloop van maande verander het. Hy het altyd van die EIEU-metode van voorraadwaardering gebruik gemaak.

GEVRA:

5.1 Bereken die waarde van die slotvoorraad deur die EIEU-metode te gebruik. (7)

5.2 Bereken die bruto wins behaal op die voorraad indien die EIEU-metode gebruik word. (7)

5.3 Dean is meegedeel dat hy 'n groter bruto wins sal maak indien hy van die geweegdegemiddelde-metode gebruik maak om sy voorraad te waardeer. Dean is egter van mening dat dit geen verskil aan die algehele winste van die onderneming oor 'n tydperk sal maak nie. Stem jy saam? Verduidelik jou antwoord. Jy hoef geen berekeninge te doen nie. (4)

5.4 Dean is bekommerd omdat die bruto wins sedert verlede jaar gedaal het. Bespreek EEN moontlike rede hiervoor volgens die inligting wat aan jou verskaf is en gee 'n moontlike oplossing vir die probleem. (6)

5.5 Dean het by 'n vriend van hom, wat Rekeningkunde op skool geneem het, gehoor dat hy liewer die deurlopende voorraadstelsel as die periodieke voorraadstelsel moet gebruik. Hy is onseker en vra jou raad met hierdie probleem. Verduidelik die verskille aan hom en gee hom raad oor watter metode hy moet gebruik. (6)

INLIGTING:

Dean het jou die volgende inligting gegee rakende al sy aankope en verkope gedurende die laaste 3 maande.

	AANTAL SOKKERBALLE	**EENHEIDSPRYS**	**TOTAAL**
Aanvangsvoorraad 1 Junie 2008	30	R40	R1 200
Totale aankope:	60		R3 800
Junie 2008	20	R55	R1 100
Julie 2008	25	R60	R1 500
Augustus 2008	15	R80	R1 200
Verkope van sokkerballe: Junie – Augustus 2008	70		

30

VRAAG 6

BTW EN ETIEK **(25 punte; 15 minute)**

GEVRA:

6.1 Wat is die verskil tussen tussen uitset-BTW en inset-BTW? (4)

6.2 Teen watter koers word BTW tans in Suid-Afrika belas? (2)

6.3 Word die huidige koers van BTW op alle goedere in Suid-Afrika belas? Verduidelik. (5)

6.4 George Gummy, die eienaar van Gummy Handelaars, wil weet hoeveel hy aan die SAID skuld met betrekking tot BTW vir die tweemaande-typerk Julie – Augustus 2008. Bereken die bedrag verskuldig aan die SAID op die volgende syfers gebaseer:

(Rond af tot die naaste sent.)

- Totale verkope vir Julie en Augustus, R880 900 (BTW uitgesluit)
- Totale aankope vir Julie en Augustus, R415 500 (BTW ingesluit)
- Die aankoop van toerusting in Julie, R65 000 (BTW ingesluit) (10)

6.5 George Gummy koop gereeld goedere van Sneaky Winkels aan. Die eienaar het George 'n spesiale prys van R6 800, BTW ingesluit, aangebied in plaas van die normale prys van R7 400, op voorwaarde dat hy kontant betaal en nie dokumentasie benodig nie. George oorweeg dit sterk en voel dat dit 'n goeie aanbod is. Adviseer hom of hy die aanbod moet aanvaar of nie. Verduidelik kortliks. (4)

25

TOTAAL: 300

Kopiereg voorbehou